MWA 0001-0003-012



## Fokus op Bophuthatswana



VLAKBY die ingang van die Montshiwa-natuurreservaat het die talentvolle Credo Mutwa 'n tradisionele dorp gebou. Die dorp is ook 'n lewende museum waar en tradisionele huweliksemonies plaasvind.

# Talentvolle Credo is 'n kultuuraanwins

DIE talentvolle skrywer, kunstenaar en tradisionele geneser, Credo Mutwa, wat onlangs Soweto vaarwel toegeroep het om hom in Bophuthatswana te vestig, is gewis 'n aanwins vir dié land.

Credo – die skrywer van *Indaba My Children*, *Africa is my Witness*, en *Let not my Country Die* – gaan sy vele talente inspan om besoekers na die nuwe Montshiwa-natuurreservaat aan die buitewyke van Mmabatho, hoofstad van Bophuthatswana, te lok.

Hy gaan in samewerking met die Nasionale Parkeraad van Bophuthatswana nog 'n tradisionele dorp, soos die een in Soweto, bou.

Die dorp word vlakby die ingang van die Montshiwa-natuurreservaat gebou en sy eie reusagtige beeldhouwerke word gebruik om kleur daaraan te verleen.

Credo is 'n ryk bron van inligting – dit word gou duidelik wanneer 'n mens met hom [...]dige feite ken hy op die punte van sy vingers.

Nog een van sy vele talente is sy slag met kruie en plante wat hom in sy rol as tradisionele geneser goed te pas kom.

Wanneer die dorp voltooi is, sal dit voorbeelde bevat van die verskillende tradisionele statjies wat deur die onderskeie stamme bewoon word.

Elke stat is as 't ware 'n lewende museum maar ook 'n funskionele tuiste vir sy inwoners, kompleet met toordokter of tradisionele geneser.

Die toordokter se hut word bewaak deur twee kleistandbeelde, Dimo, 'n mensvreter en Mmabatho, die aardmoeder.

Benewens die estetiese aspek van die projek, verskaf dit ook werkgeleenthede aan die inwoners.

"Ons beoog om 'n plaaslike nywerheid te skep sodat die mense hul handewerk soos pottebakkery en mandjies sowel as hul [...] sal as verdere aantrekkingskrag vir die toeris dien.

Twee damme in die omgewing, die Ga-Dinonyane- (plek van die voëls) en die Lotlamorengdam verskaf piekniek- en hengelgeleenthede – 'n toeriste-aantreklikheid maar ook voedingsbron vir die plaaslike bevolking. Daar is ook 'n feesboom-plantasie waar honderde inheemse boomsoorte aangeplant is.

En vir die nabye toekoms word 'n dieretuin en 'n restaurant digby die tradisionele dorp beplan.

In sy strewe om skoolkinders van die omgewing op 'n informele wyse te onderrig, het die Nasionale Parkeraad 'n klaskamer beskikbaar gestel. Hier sal die kinders deur amptenare van die Parkeraad bekend gestel word aan verskillende aspekte van die natuur.

Die Nasionale Parkeraad verwelkom enige klubs, skole of groepe, handelaars en nywеraars wat daarin belang stel om